# MIDSTREAM COLLEGE TOELATINGSPROSEDURE

MIDSTREAM COLLEGE
EXCELLENTIA

MC 001A

☎ (012) 661–0590 / 2341
01 Ashfordstraat Midstream Estate
college@midstreamcollege.co.za
✉ 08 Midstream Estate 1692
www.midstreamcollege.co.za

**TOELATING TOT MIDSTREAM COLLEGE**

Hartlik welkom by die sfeer van uitmuntendheid wat ons hier by Midstream College nastreef. U word versoek om van die volgende kennis te neem:

Midstream College is 'n privaatskool (hoërskool) met sy eie toelatingsvereistes. Onderrig word aan leerders van graad 8 tot graad 12 gebied. Toelating tot die skool sal afhang van die beskikbaarheid van plek in die spesifieke graad. Voorkeur word aan Midstream Estate-inwoners gegee.

**TOELATINGPROSEDURE**

1. Voltooi die nodige dokumentasie
2. Voltooi die vorm op die webblad. Dien al die vereiste ondertekende dokumentasie elektronies in:
   a. Kopie van die geboortesertifikaat van die leerder (verkieslik onverkorte);
   b. Kleurfoto van leerder (paspoortgrootte - verkieslik 'n skoolfoto van nie meer as 200kb asb.);
   c. Kopie van die identiteitsdokument van albei ouers;
   d. Bewys van woonadres (bv. elektrisiteitsrekening);
   e. Bewys van betaling (registrasiefooi van R500);
   f. Besonderhede vir rekeninge-afdeling (in aanlyn aansoek);
   g. Bepalings- en voorwaardesvorm (aanvaarding in aanlyn aansoek);
   h. Enige regsdokumentasie rakende die leerder (indien van toepassing);
   i. Rapport van vorige skool;
   j. Finansiële vrywaringsertifikaat van die vorige skool (MC004A). Huidige Midstreamleerders behoort die nuutste skoolrekening in plek van die sertifikaat (MC004A) te gebruik;
   k. Finansiëlebeleid (aanvaarding in aanlyn aansoek).
3. 'n registrasiefooi van R500 per leerder is betaalbaar (nie-terugbetaalbaar nie). U sal 'n kwitansie vir hierdie betaling ontvang. Maak gebruik van die leerder se van, voorletters en jaar van toelating as verwysing vir elektroniese oorplasings.
4. 'n Toelatingstoetsafspraak moet gemaak word. Kontak die toelatingsekretaris indien u kind nog nie die toets afgelê het nie. Die toets duur 1 uur 15 minute.
5. Die toets word gemerk.
6. Midstream College mag, indien nodig, 'n leerder se vorige skool kontak vir inligting omtrent die leerder se gedrag.
7. Die skool kan 'n onderhoud met die voornemende leerder en ouers skeduleer indien hy dit nodig ag.
8. Aanbevelings sal gemaak word en die toetsresultate sal met die ouers bespreek word.
9. Skooltoelating hang af van die toetsresultate, die onderhoud, die waarde wat die leerder tot die skool kan toevoeg asook die waarde wat die leerder uit die College kan put.
10. Na al bogenoemde afgehandel is, sal die uitslag met die ouers teen einde Junie gekommunikeer word.
11. Die toelatingspaneel mag toelating en registrasie van 'n leerder tot Midstream College weier sonder om enige redes te verstrek. Hul mag ook leerders voorwaardelik toelaat, afhangende van die leerder se gedrag en vordering. Die paneel mag ook, na eie oordeel, toelating opskort waar reëls nie eerbiedig is nie.
12. In samehang met punt 9: die skryf van die toelatingstoetse en die voorlegging van toelatingsvorms en -dokumente is nie 'n waarborg vir die aanvaarding en toelating tot Midstream College nie.

Dankie dat u 'n aansoekvorm by die skool ingedien het. Indien u enige ander navrae het, moet u nie skroom om met die skool (besonderhede hierbo) in verbinding te tree nie.